

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 35

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Hemelvaart

Al die ruimtevaartpogings van die menslike vernuf verbleek tot niks by die berig aangaande Jesus se hemelvaart. Dié berig kan u in die Woord van God lees:

"En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem, terwyl hulle dit sien en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.

En toe hulle nog stip na die hemel kyk, terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het" Hand. 1:9-11.

Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?

Antwoord:

- dat Hy in die hemel voor die aangesig van sy Vader ons Voorspreker is,
- dat ons ons vlees in die hemel as 'n gewisse pand het en dat Hy as die Hoof, ons ook tot Hom sal neem.
- dat Hy ons sy Gees stuur deur wie se krag ons soek wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God is en nie wat op die aarde is nie.

(Heidelbergse Kategismus, Sondag 18).

O, almal wat dors het

Elke mens smag na lewensgeluk. Elkeen ken die sieledors na wat waarlik sin en vervulling aan die lewe gee, maar dit word langs verskillende weë gesoek.

RYKDOM, WEELDE, AANSIEN

Daar is byvoorbeeld diegene wat die leemte in die hart probeer vul met die najaag van rykdom en aansien. Hulle meen dat die dors in die binneste geles sal word as hulle die weelde en magsgevoel kan besit wat rykdom en roem bring. Inderdaad; solank die genot van die rykdom en aansien nog jonk is, vind hulle 'n groot mate van sielsbevrediging wanneer hulle lank gekoesterde ideale bereik. Na 'n ruk verloor die weelde en aansien sy glans en word dit 'n gewone alledaagsheid. Dan kom hulle tot die besef dat hul lewe, ondanks alles, nog steeds sonder ware sin en sielsgeluk is. Diep in die hart herleef die dors weer as hulle die waarheid van Christus se woord ervaar: "Wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?"

GENOT EN PLESIER

Ander probeer die sielsdors les deur deelname aan die genot en plesier van die lewe. Hulle probeer om die eensaamheid en sinloosheid van hulle bestaan te oorwin met spel en vermaak en feesgety, maar spoedig verstom die feeslied. Na die aanvanklike opwinding kom die ontugtering dat die hart steeds eensaam is en die lewe leeg.

KUNS EN WETENSKAP

Nog ander probeer die innerlike dors les deur toewyding aan kuns en wetenskap. Met groot moeite filosofer hulle, peil hulle die geheimenisse van die natuur en soek hulle lafenis in die streling van die kuns. So verruim en verryk hulle die gees met dieper insigte en wyer vergesigte. Tog, in stille ure van waarheid, kom hulle tot die besef dat die hart van die mens groter en dieper behoeftes het as dit wat wetenskap en kuns kan bied.

DIE DIEPER DORS

Inderdaad; daar is 'n dors van die siel wat nie deur rykdom of roem, plesier en spel, kuns en wetenskap gestil kan word nie. God het die ewigheid in die hart van die mens gelê. Net soos 'n kindjie 'n lewensbehoefte het aan die liefde van sy moeder, so het God ons geskape om in sy liefdesgemeenskap met en vir die Here, te lewe. Eers as ons geestelik in die suiwer lug van die hemel asemhaal, vind ons waarna ons al die jare gesoek het: rus in die hart, vrede in die siel en 'n blydschap wat ons hele wese deurstraal. Dit is waar wat Augustinus verklaar het: my siel is tot God geskape en my siel is onrustig in my totdat dit rus vind in God.

GELOOF IN JESUS CHRISTUS

Daarom kan die dors van die siel slegs gestil word in geloofsverbondenheid met Christus Jesus, want deur sy middelaarswerk is die sondemuur wat skeiding maak tussen God en mens, afgebreek. Ons word in staat gestel om in liefdesgemeenskap met ons hemelse Vader te lewe. Wie waarlik in Christus glo, soek nie meer nie. Hy het gevind! Sy lewe is nie meer 'n sinlose reis na nêrens nie, maar 'n blye gang na die Vaderhuis!

U soek moontlik nou al baie jare na die ware lewensgeluk. U het al uit baie bronne gedrink om die dors van u siel te les. Alles tevergeefs, want kyk, u is nog altyd dors!

So sal dit bly, tensy u gehoor gee aan die genadige roepstem van die Here: "O, almal wat dors het, kom na die waters!"

J. L. J. Snyman

MY KIND HET GEVAL...

U sê u kind het geval? Wat 'n geweldige woord wat u daar sê! Wat 'n verskriklike inhoud het hierdie woord en wat 'n ontsaglike betekenis hou dit nie in nie!

Nou het u soveel vrae en wroeginge. Dit voel asof 'n swaard deur u siel gegaan het; dat u wil weet waar u as ouer te kort geskiet het; dat u wil weet hoe u ontslae kan raak van die aanhoudende refrein wat u van u geestelike ewewig wil ontnem: "My kind het geval! My kind het geval!" U soek rus vir u geteisterde gemoed. U wil ontslae raak van die teleurstelling en pyn.

Ek het volle simpatie met u, maar ook met u kind! Watter sielelyding moet hierdie kind van u nie die afgelope tyd deurstaan het nie! Het u uself al in u kind se posisie ingedink? Eers 'n eerbare persoon in die samelewing en nou 'n gebrandmerkte — 'n gevallene! Daar was die oomblik van swakheid. Een enkele „ja" aan die versoeking en die gevolge is onberekenbaar!

Arme kind! Natuurlik is ek ook jammer vir u! Tog wil ek u vra: moenie u kind te hard oordeel nie, want ons is almal sondaars! Ons is almal gelyk voor God — doemskuldiges! Dit ontbreek ons almal aan die heerlikheid van God — u en u kind en ek!

Elkeen van ons is geneig tot die kwaad. As die Here ons nie genadig is nie, kan dieselfde wat met u kind gebeur het, ook met ons gebeur en nog veel erger. Natuurlik wil ek die sonde nie goedpraat nie. Ek wil dit ook nie probeer versag of verbloem nie.

U kind het gesondig, diep en swaar! Daar kom ons nie verby nie. Die aakligheid daarvan kan 'n mens nie met mooi woorde bedek nie, maar u mag u kind nie verfoei, verag of verjaag nie!

Nou is dit die tyd dat u kind u nodig het — baie nodig. Nou is dit die geleentheid vir u om te toon wat daar in u as ouer steek. Wees dus simpatiek en genadig! Vergewe en vergeet, want dit doen God met die berouvolle sondaar wat na Hom vlug.

Ook met u kind wat ylings in smart en rou oor die sonde na Hom kom. Hy vergewe en vergeet, om Jesus Christus ontwil, want in Jesus Christus het God u sonde en u kind s'n onthou. Die vloek oor die sonde wat u en u kind moes tref, het God op Hom uitgestort tot 'n ontsettende straf. Hy het gely en gesterf in u en u kind se plek. Hy verlos u en u kind van die sonde en die gevolge van die sonde.

Hy gee aan u en u kind die ewige lewe ten koste van Homself! Bid Hom dus om krag in hierdie donker uur — krag vir uself en krag vir u kind! Hy gee dit in 'u oorvloedige mate.

Gaan dus na Jesus. Hy weet met alles raad en bo alles, Hy verlos! Hy bevry van die drukkende las van die sonde. Hy genees die wonde en hy vergewe! Wat 'n genade!

Gesels met u kind. Sê dat u saam ly en sê dat u vergewe. Wys u kind op Jesus... op sy lyde... op sy onskuld. Sê aan u kind dat Jesus die sondaars aanneem. Hyself het gesê: "Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering." (Matt. 9:13).

"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol." (Jes. 1:18).

L. J. van der Merwe

'n Brief

Twee maande gelede het ons 'n brief van Estie geplaas. Haar lewe is verwoes. Sy waarsku alle ouers van jong kinders. Hierop het ons onderstaande antwoord ontvang:

Liewe Estie,

Dit is in die Naam van Hom wat sondaars lief het en hulle tot bekering roep dat ek aan jou skrywe, want dit is mos nog die "wel-aangename tyd, die dag van saligheid." Daar is seker duisende ouers wat jou vandag dankbaar is vir die brief in "Quo Vadis" waarin jy ons as ouers waarsku — so onselfsugtig. Ek sê onselfsugtig, omdat jy nie wil sien dat ander ook in dieselfde moeilikheid land nie. Dis 'n duidelike bewys dat die Here jou nog gebruik en ons is Hom daarvoor dankbaar.

Dis die reëndruppels op die dak wat my wakker gemaak het om aan jou te skrywe. Hy is 'n waarmaker van sy Woord en 'n Hoorder van die gebed as ons maar na Hom wil gaan en ons monde wyd oop maak. Tog is dit nie te laat nie. Die deur is nog nie gesluit nie! Die moordenaar aan die kruis het net gevra dat die Here aan hom moet dink as Hy in die Paradys kom en sy belofte aan hom was dat hy saam met Hom sal wees.

My raad aan jou is: Neem jou Bybel — dis 'n lewendige Woord en hy maak ook lewendig. Leer elke dag 'n vers uit die Bybel. Daar is 'n God en sy enigste Seun Jesus Christus wat juis vir sondaars gekom het. Dis Hy wat sondaars red.

Daar is by Hom is nie groot of klein sondes nie. Sonde bly sonde. Daarmee het ons almal te kampe. Daarom het ons almal Hom nodig. Ons dink aan jou in ons gebede, maar wat 'n voorreg om te weet Hy pleit dag en nag... ook vir jou. Onthou Estie, sy reddende regterhand is uitgestrek en dis net vir jou om jou swak hand in syne te lê. Mag Hy jou daartoe help.

Jou reisgenoot,

O. Smit

TUSSEN DIE VADERHUIS EN DIE VARKHOK

Ware bekering en skynbekering lyk in verskeie opsigte nogal baie na mekaar. Tog is daar tussen die twee 'n geweldige verskil — so 'n groot verskil dat ware bekering uitloop op die ewige lewe en skynbekering op die ewige dood. Die verskil tussen die twee kan aangedui word met 'n verwysing na die gelykenis van die verlore seun.

Van die verlore seun weet ons dat hy van sy vader af weggegaan en uiteindelik by die varkhok beland het. Daar het hy tot insig gekom en toe na sy vader teruggekeer. Dit wys op die sondaar wat na God terugkeer.

Die verskil tussen ware bekering en skynbekering is dat in ware bekering die verlorene van die varkhok af weggaan en teruggaan tot by sy Vader, tot by God, maar in skynbekering gaan die verlorene wel van die skandelige varkhok af weg, maar hy gaan nie terug tot by God nie, maar bly halfpad staan.

So hou die skynbekeerde dranksugtige op om te drink, miskien omdat sy eie lewe daardeur in gevaar gestel word of omdat hy aanvoel dat hy sy familie 'n groot onreg aandoen, maar nie omdat hy besef dat hy God se gebod oortree en Hom oneer aandoen nie. Daarom gaan hy ook nie na God en bely sy sonde nie. Hy gaan dus van die varkhok van die dranksugtige lewe af weg, maar kom nooit by God, sy Vader uit nie.

Vir die mense wat so 'n persoon ken, lyk dit of hy waarlik tot bekering gekom het. Hy is trouens nie meer by die varkhok nie. In werklikheid was daar geen ware bekering nie, maar slegs skynbekering.

So 'n skynbekering is dodelik gevaarlik. Die gevaar bestaan by so 'n persoon trouens altyd dat, omdat hy nie werklik by God uitgekom het wat hom met sy vaderliefde omring en beskerm nie, hy maklik weer in dieselfde of 'n ander sonde kan terugval en so weer by die varkhok beland. In die reël is die tweede dwaling erger as die eerste.

Ware bekering beteken dus nie dat 'n mens jou lewe maar net uiterlik moet gaan opvryf en blink maak en wegkom van die dinge wat mense as lelik en vuil en afstootlik beskou nie, terwyl jy diep in jou hart nog nie ten volle daarmee gebreek het nie en daarna bly terugverlang.

Ware bekering beteken innerlike verandering, 'n afsku van die sonde, om die sonde te ontvlug en om voortdurend skuiling en rus te soek by God in en deur Jesus Christus. Om ook die hartlike voorneme te hê om die wil van ons Vader te doen. Dan gaan ons nie maar net 'n klein entjie van die varkhok af weg om tussen die varkhok en ons Vader te bly staan nie, maar dan gaan ons terug tot by God.

P. J. de Bruyn

PINKSTER

Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag.

Eersdaags vier die Christelike kerk weer Pinksterfees. Dan herdenk ons die uitstorting van die Heilige Gees. Die dag met die uitstorting van die Gees in Jerusalem het Petrus die skare toegesprek.

Hulle is diep in die hart getref en het gevra: "Wat moet ons doen broeders?" Petrus se antwoord was:

"Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is; die wat die Here onse God na Hom toe sal roep... Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag." Hand. 2:38, 40.

Soek u na redding? Dan geld hierdie antwoord van Petrus ook vir u. Is u in geestelike nood? Het u behoefte om met 'n godsdienstige leidsman te gesels? Skakel u naaste Gereformeerde predikant. Nooi hom om u te kom besoek. Hy sal dit graag doen.

Waarsêery, Goëlery en Towery

Dit mag vreemd voorkom om in ons verligte eeu nog oor waarsêery, goëlery en towery te spreek of te skryf. Tog vind hierdie dinge nog plaas en baie gelowiges word daardeur geskok en in verwarring gebring.

Dat towery en goëlery — wat feitlik dieselfde is — werklik voorkom, weet ons uit die Bybel. So lees ons dat toe Aäron sy staf voor Farao neergegooi het, dit deur 'n wonder van die Here in 'n slang verander het, maar die towenaars van Egipte het hulle stawwe ook op die grond gegooi en dit het ook in slange verander; alhoewel die slang wat uit Aäron se staf voortgekom het, die slange wat uit die towenaars se stawe voortgekom het, verslind het. (Ex 7:10-12). Ook die eerste twee van die tien plae waarmee die Here Egipte getref het, is ook deur die Egiptiese towenaars gedoen.

Wat waarsêery betref, weet ons dat die voorspelling van die towerheks van Endor aangaande die dood van Saul werklik bewaarheid is. (1 Sam. 28). Dit is dus duidelik. Hierdie dinge vind werklik plaas. Hoe moet ons as Christene hierteenoor staan?

Die Skrif gee op hierdie vraag 'n helder en duidelike antwoord in Deut. 13:1-3 waar ons lees: "As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig **en die teken of wonder kom uit** wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aanloop — wat jy nie ken nie — en hulle dien, **dan moet jy nie luister** na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel."

Wat 'n mens in hierdie Skrifgedeelte opval, is eerstens dat hier ook erken word dal sulke tower-wonders inderdaad plaasvind en tweedens dat die waarsegging aangaande die wonders ook werklik bewaarheid word. Ook hier word dit dus erken dat towery en waarsêery plaasvind.

Aan die ander kant is dit egter net so duidelik dat hierdie praktyke hier bestempel word as iets van "ander gode", met ander woorde as iets *uit die duiwel*. Dit is die duiwel wat aan die towenaars en waarsêers die mag en vermoë gee om towerkunste te verrig en dinge vooruit aan te kondig wat werklik gebeur.

Natuurlik geskied dit alles onder toelating van God. Baie duidelik word ook getoon **waarom** God sulke dinge toelaat. Die Here laat dit toe om sy kinders op proef te stel om te sien of hulle werklik in Hom glo en Hom met hulle hele hart en siel liefhet. Die Here beproef sy kinders op hierdie wyse om te sien of hulle aan hierdie towerkunste en waarsêery waarde sal heg, daarop sal ag gee en so weggevoer word van Hom af en of hulle ondanks die "wonders" van die towenaars en die "ware voorspellings" van die waarsêers al hierdie dinge tog as duiwelswerk sal verwerp en onvoorwaardelik aan Hom gehoorsaam sal wees.

Die Here verbied ons uitdruklik om met towery, waarsêery en goëlery iets te doen te hê, want in Deut. 18:9-14 lees ons:

"Daar mag niemand by jou gevind word... wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die Here 'n gruwel... want hierdie nasies wat jy uit hulle besitting verdrywe, luister na goëlaars en waarsêers; maar wat jou aangaan, die Here jou God hel jou nie so iets toegelaat nie."

Wees dus gewaarsku om nie deur die towerkunste van die towenaars of die ware voorspellings van die waarsêers verlei te word en in die greep van die duiwel te kom nie. Hy

wil die mens so wegvoer van God af en so sy ewige ondergang bewerk. Hy is 'n mensemoordenaar van die begin af.

"Onthou julle van elke vorm van kwaad." (1 Tess. 5 : 22).

P. J. de Bruyn

Alles behalwe 'n nagmerrie

Ek sou my baie goed kon voorgestel hoe Jacob as 'n benoude dromer gekwel is deur nagmerries; die een na die ander. Dit sou sielkundig baie goed verklaarbaar gewees het: 'n Esau, wie se kil haat-oë nou hier digby hom in sy drome is, vingers wat om sy keel strengel in 'n dodelike klem waaraan hy nie kan ontkom nie. As hy hulp soek, kyk hy in ander oë vas, die oë van sy misleide ou vader. Eers was die oë blind en dood, maar nou spreek hulle 'n vreeslike taal — die taal van verwyf. Dit laat die angs nou verder in die benoude siel opstoot.

Waar is sy moeder dan nou... sy bondgenote... sy beskermmer? Dáár is sy, maar vaag en so ver... so onbereikbaar ver. Sy beduie magteloos en sy steek wanhopig die hand na hom uit om hom te wil beskerm; maar steeds verder raak sy uit sy sig — tevergeefs nou dat hy die wraakbedagte, moordbeluste Esau van hom probeer weghou — angssweet wat pêrel op 'n slapende gesig — 'n liggaam wat onbewus ruk — gesmoorde geluide wat skuur uit 'n van angs toegeknypte keel.

Dis angsdrome wat opstoot uit die skuldige onderbewussyn van 'n voortvlugtige. Sy onlangse daade teenoor vader en broer is nie gerusstellend sover dit die gewete van hierdie voortvlugtige betref nie. Esau hét inderdaad rede om met sy slinkse broer af te reken. Isak, sy vader, het rede om bitter gegrief te voel oor die behandeling deur Jakob, sy eie seun. Stel jou voor: 'n seun wat sy vader se blindheid benut om sy hebsugtige doel te verwesenlik.

Nee, dát hy droom, verbaas my nie, maar wát hy droom is alles behalwe 'n nagmerrie. Geen angsdroom wat so gou as moontlik weer verdring word, neem sy gees in beslag nie, maar 'n droom wat tot in besonderhede onthou word. Die droom hou baie verband met die werklikheid. Dit is nie soveel die werklikheid van skuld en gewetenskwelling as die werklikheid van God se genade en trou nie.

Daar is die leer wat hy sien tussen hemel en aarde. Dit reik vanaf God in die hemel tot daar waar hy, die eensame voortvlugtige, slaap. Dis 'n leer wat op 'n hemelse verbintenis tussen God en 'n mens wys wat deur sy eie sondige toedoen hom in die bitter eensame wêreld van 'n banneling bevind. Daar is engele wat met die leer op en af beweeg. Hulle kom vertel van die lewende verbintenis tussen God en 'n sondaarmens. Hulle onderhou deur hulle op- en afklim die lewende verbinding tussen hemel en aarde. Die hemel lewer kommentaar op hierdie heerlike droomgesig en God spreek:

Kyk, Ek is met jou.

Ek sal jou bewaar.

Ek sal jou terugbring.

Ek sal jou nie verlaat nie.

Die dromer leef in 'n wêreld van hoor en sien. Alles is bedoel om gerusstellend in te werk op die benoude siel van hierdie voortvlugtige. Die droom is nie maar net 'n uitlaatklep om verligting te gee aan 'n gemoed vol vreeskomplekse en angsgedagtes nie. Dis 'n droom wat alle angs, alle onsekerheid deur eie skuldige toedoen kom verdryf en verban — alles behalwe 'n nagmerrie.

Dit is 'n wonderdroom wat nie verklaarbaar is vanuit die gesigspunt van God se genadige trou wat 'n mens, 'n knoeier, 'n bedrieër en 'n misleier kom opsoek nie. Hierdie droom is nie 'n momentele uitlaatklep vir 'n beangste gemoed nie, maar 'n heerlike hemelse bevryding vir die vreesbevange sondaarshart. 'n Droom wat nuwe ewige sekuriteit kom gee aan 'n mens op 'n

onsekere vlugtelingspad.

Nou dink ek aan my broeder — die dranksugtige. Ek weet nie uit ondervinding wat dit is nie, maar dit moet verskriklik wees wat jy deurmaak. Ek dink aan jou verskriklike angsdrome wat opstoot uit jou beswaarde skuldgemoed... jy wat bang is om te gaan slaap en jy wat net een soort rus ken — bedwelming. Dan kom die nagmerries jou beskadigde gees nog verder afbreek en verwoes.

Ek dink aan jou, my beswaarde broeder en suster wat leef in 'n hel van gewetenswroeging oor jou ontrou, jou bedrog, oor die leed wat jy veroorsaak het, oor die onreg wat jy aangedoen het en oor die lewens wat jy verongeluk het. Ek dink aan jou wat leef in 'n hel van frustrasie en obsessie, van donker komplekse.

Telkens is daar weer jou drome wat verraai in watter gemoedstoestand jy werklik verkeer. Dis sielkundig heeltemal verklaarbaar. Geen mens kan jou, hoe fyn sielkundig in sy benadering, van hierdie donker magte bevry nie. Hiervoor moet jy by God wees. As jy na Hom toe gaan, belowe ek jou geen droom soortgelyk aan die van Jakob wat jou van angs en vrees kan verlos nie; al weet ek van drome o.a. uit die Bybel waarmee die Heilige Gees alles te doen het.

Ek weet van drome wat vertroosting gebring het. Ek kan jou wel 'n "leer" belowe wat opgaan na die hemel, wat sover gaan as God daarbo en tot onder reik... tot by jou in jou ellende-dieptes. Ek belowe jou, op grond van God se Woord, 'n ryker verbintenis as engele wat die verbinding tussen God en Jakob onderhou. Dit is 'n verbintenis wat alle afstand tussen God en jou radikaal oorbrug. Ek weet van die Heilige Gees wat alle skuld komplekse wegneem, alle wroeging stil, alle angs gedagtes wegneem en alle vrees uitdryf. Die Heilige Gees wat die verbinding tussen hemel en aarde lewend maak en ook tussen God en jou... en ek dink daarby aan sy Woord, aan die Doop, aan die Nagmaal. Dit is alles middele om my te verseker dat:

God met my is,

God my sal bewaar,

God my nooit sal verlaat nie,

God my seker by my ewige, veilige bestemming sal bring. Vra jy dalk hoe?

Antwoord: — Jesus Christus! In Hom is daar alles behalwe nagmerries vir jou — inteendeel; rus, vreugde, blydschap en saligheid vir jou sondaarsgemoed.

H. v. d. R.